

22 Februarie

**Skrifgedeelte: Jeremia 17:19-18:23**  
**Fokusgedeelte: Jeremia 18:6-11 en 17-20**

**God bied genade, maar die volk bedink haat**

In die beeld van die pottbakker wat sy klei kan vorm soos hy wil, wys die Here die volk daarop dat Hy hulle kan oordeel of kan seën na sy wil. Hy kan hulle vernietig of aan hulle redding skenk. Soos telkens tevore bied God aan hulle sy liefde, vergifnis en genade. Al sou Hy besluit om hulle te vernietig, sal Hy hulle, indien hulle hul bekeer, steeds as nasie bou en as sy wingerd, wat goeie vrugte sal dra, plant. Die volk verwerp die Here se aanbod van genade vir die soveelste keer en bedink haat en moord teen sy profeet. Met verwondering beleef ons die lankmoedigheid van die Here met hierdie volk. Weens die verharding van hulle harte word die profeet Jeremia ook nou moedeloos. Die Here moet hulle nou maar vir hulle kwaad vergeld. Tog, al sou die lankmoedigste mens tou opgooi, sal die Here nie ophou roep en genade bewys nie. Ons gee soms moed op deur te sê ons het nou klaar gepraat, klaar gesukkel en klaar gepleit om iemand tot bekering of tot ander insigte te laat kom. Onthou, ons taak hou nie op voordat die Here sê dat ons moet ophou nie. Die Here verwag dat ons onvermoeid moet voortgaan met ons arbeid aan hulle wat halsstarrig weier om te verander. Al sou ons ook die voorwerp van hul haat en woede word, moet ons steeds ons dienswerk aan hulle verrig.

*Sing: Psalm 103:4*

*Ds DL de Beer (Emeritus)*